Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

2024-07-09

Geagte Ouers

NUUSBRIEF 12/2024

Welkom terug by nog 'n opwindende skoolkwartaal! Hierdie kwartaal beloof 'n magdom geleenthede vir leer en groei. Van vars nuwe gesigte in ons klaskamers tot nuwe programme en inisiatiewe, ons is gereed om hierdie reis saam aan te pak. Kom ons maak hierdie kwartaal onvergeetlik en produktief. Sommige van die hoogtepunte wat ons verwag is:

- Die Stulting Sporttoer na George en Riversdal (11-13 Julie);
- Despatch Kunstefees (29 Jul-1 Aug);
- Die Stulting Sportdag op Vrydag en Saterdag 30 en 31 Augustus;
- Op 12 September vind die Sport- en Kultuur Prysuitdeling plaas en
- die Gr. 7-leerders toer vanaf 15 tot 20 September in die Wes-Kaap (Kaapstad).

Sien asb. die aangepaste kalender van aktiwiteite. Ons het ook ‘n hele paar nuwe leerders wat by ons aansluit. Ons glo dat julle ook vinnig sal tuisvoel by Laerskool Stulting.

Toelatings 2025: Gr. RR-7-aansoekvorms is beskikbaar by die skoolkantoor sowel as op die webwerf www.stulting.co.za. Aansoeke sluit 9 Julie 2024.

PERSONEELSAKE

Juf. Ilze Stapelberg is op kraamverlof. Juf. Daleen Gerber gaan vir ons by die Gr. 1-klas instaan. Nuwe personeellede sluit by ons aan en ons verwelkom hulle:

- Juf. Zara Smit sluit as Gr. 7.3-onderwyser aan.
- Juf. Rayne Clegg sluit as Gr. R.2-onderwyser by ons aan.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za

AKADEMIE

Ouer-onderwyservergaderings: Geleentheid om verlede kwartaal se akademiese vordering met die personeel te bespreek vind plaas op Woensdag 10 Julie vanaf 17:30 tot 19:00 in die skoolsaal. Ouers wat hierdie vergaderings moet bywoon het briewe in die verband ontvang.

Ek herinner graag ons ouers dat u enige tyd ‘n afspraak kan maak om met die personeel te vergader. Skakel asb. die skoolkantoor (042-2951119) om dit te reël.

SPORT

Stulting Sporttoer (Suid-Kaap): Ons o/11A-, 12A- en 13A- en B netbalspanne sowel as die o/11A en o/13A/B rugbyspanne gaan van 11-13 Julie op ons jaarlikse sporttoer na George en Riversdal. Baie sterkte aan hierdie spanne.

KULTUUR

Interklasredenaars: Temas vir die Interklas-redenaars hierdie kwartaal is onderskeidelik:

- Gr. 1-3

1. Skooluniform / ja of nee
2. Troeteldiere moet in die skool toegelaat word /ja of nee
3. Dit is reg om jou speelgoed met ander te deel / nie reg nie
4. Jy moet toegelaat word om jou gunsteling speelding skooltoe te9 bring /of nie toegelaat word nie
5. Sakgeld / ja of nee

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za

- Gr. 4-7

1. Sakgeld (ja of nee)
2. Herwinning moet verpligtend wees in skole (ja of nee)
3. Dit is reg om belonings te ontvang vir prestasies / of nie
4. Groter skole is beter as kleiner skole /of nie
5. Skooluniform /ja of nee

Stultinggroete

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF